

Sondag 17 Mei

Skrifgedeelte: Markus 14:26-31, 66-72; Johannes 21:15-17

Fokusgedeelte: Markus 14:72; Johannes 21:15-17

Vergifnis vir die verloënende sondaar

Hoe kan ek vergewe word? Sal ek ooit weer in 'n intieme verhouding met die Here kan leef? Ek het dan so swaar gesondig. Ek het verkeerd opgetree, ek het verkeerd gesê en gedoen. Ek het in woord en in daad die Here verloën. Hoe kan daar vir my vergifnis wees?

Elke gelowige vra êrens deur die loop van hulle lewe hierdie vraag. Ons kan ook dink dat Petrus hierdie vraag gevra het. Hy wat vir so lank saam met die Here Jesus geleef het. Hy wat Jesus se prediking gehoor het, hy wat die wonders gesien het wat Jesus gedoen het. Hy is die een wat die Here Jesus so verskriklik verloën het. Hoe kon dit gebeur het?

Petrus is onder die indruk van sy eie vermoëns en sy eie krag. Wanneer die Here Jesus in die aand voor sy kruisiging die dissipels waarsku dat hulle op vlug sal slaan (Mark. 14:27), antwoord Petrus amper selfvoldaan dat die ander dalk sal, maar hy sal beslis nie. Hy sal selfs vir Jesus sterf. Selfs as Jesus hom waarsku dat sy versaking nog 'n graad erger sou wees, word hy nie tot selfondersoek gedwing nie. Hy verhef homself met 'n besliste versekering van trou. Opmerklik dat al die dissipels saam met hom stem. Hierdie verstrooiing van dissipels moet wel plaasvind om te vervul wat in Sagaria 13:7 geprofeteer is.

Dan word Jesus gevange geneem, Sagaria 13:7 word waar. Die Herder word geslaan en die skape word verstrooi. Nie net word hulle verstrooi nie, maar daar word drie maal deur Petrus ontken dat hy die Here ken. Die laaste maal selfs met swetsende vloektaal. Wanneer die haan dan die laaste maal kraai, verander Petrus se selfverheffing in bittere rou.

Tog is hierdie nie die einde van die verhaal van Petrus nie. Die Here los hom (en ons) nie in die berou van sonde nie. Ná sy opstanding kom die Here Jesus weer tot Petrus en verseker Hom dat Hy hom steeds wil gebruik. Hy herstel Petrus in sy amp, net soos wat Hy elke gelowige vandag steeds roep en gebruik.

Mag die Here deur sy Gees ons ook begenadig om in gehoorsaamheid te antwoord.

Sing: Psalm 130-1:1-4

Ds. FH Lee (Hardus) (Derdepoort)